RSG Kuns
15/4/2014
Onderhoud met Christelle Webb-Joubert

Hoekom het jy fotografie as jou medium gekies?

Toe ek so ongeveer 10 jaar oud was het een van my tantes aan my ’n kaleidoskoop present gegee. Dit was die eerste sleutel, daarna het gevolg besoeke aan ons familievriend die Duitser Kurt Herza wat ons betower het met skyfievertonings van Afrika se uitgestrekte landskappe en veral die diere daarin. Ons het nooit vakansie gaan hou as gesin nie en ek dink dat daardie reisfoto’s vir my ’n alternatiewe en terselfdertyd wonderwêreld oopgesluit het. Ek het dan ook later as persfotograaf gewerk en is ná daardie harde realiteit kunsskool toe waar ek ander mediums ontdek het en met daardie woordeskat is ek toe weer terug na fotografie. Dit is seker een van die mees inskiklike kunsmediums wat jou toelaat om nie net jou eie werksproses te ontwikkel nie maar ook ’n lewe daarmee te kan maak. Die kamera as kruik en tussenganger is vir my soos ’n joernaal. Verder kry mens die geleentheid om plekke te besoek en met mense en situasies in aanraking te kom wat jy andersins nouliks sou kon doen. Dit is die medium van ons tyd, demokraties, en ironies genoeg gebruik soveel kontemporêre skilders dit as verwysing van hul skilderwerke.

Word jou fotos toevallig geneem m. a. w sit en wag jy vir 'n foto of stel jy die foto op?

Al drie. Dit hang af.Soms vind jy die moment tussen ander reise of bewegings, jou sintuie is tog altyd op hul hoede vir die lewe. Met digitaal vind ek die vaslegging veel meer integraal en deel van ’n alledaagse stroom. Werk soos *Amendment* van 2006 se metodiek was byvoorbeeld ’n fyn balans tussen rasionele inleiding wat dan op sekere stadium begin gedagtes wissel met die dokumentêre proses. Vroeër reekse soos *Africana Collectanea* of *Plant Press* was meer konstruktief (foto konstruksie, lank voor digitale toorkuns die lig gesien het). ’n Reeks soos *Yonder* het in der waarheid drie jaar geneem om te voltooi al is daar op die end slegs 25 foto’s in die reeks opgeneem. Ek bepeins lank en innig oor die eindresultaat.
Oor ’n tydperk van ongeveer dertig jaar het ek die medium losgetorring en weer aanmekaar probeer sit en het baie ge-eksperimenteer omdat die invloed van ander mediums soos skilderkuns en beeldhou uiteraard neerslag gevind het in my produksie.

Jou uitstalling se naam is *Yonder*, wat kan die kykers verwag?

In die woorde van die skrywer Sonja Loots wat ook ’n beduidende teks vir die katalogus gelewer het: ’n ensiklopedie van die lens, van verweerde wêrelde op die Afrika kontinent – wêrelde gestroop van vernis sou ek sê. ‘Wunderkammern, wild profusion of existing things.’ Miniskule langs die enorme, verlore langs die herwonne en so aan. Ek het ook o.a die geografiese koördinate van elke plek op die glas laat aanbring sodat die ware plek soos ’n deurskynende membraan oor die landskap lê. ’n Tatoeëermerk amper. Eers sien jy dit nouliks raak want dit is subtiel maar dan merk jy die skaduwee van byvoorbeeld die lengte- en breedteligging van die Wonderboom – so ’n aanduiding links onder oor die digte tapyt van blare.

Dalk kan jy 'n voorbeeld of twee van jou foto’s verduidelik sodat die luisteraar 'n prentjie kan kry van die werk wat te sien is by die uitstalling.

Die swembad in Tankwa Karoo is vir my die disintegrerende oomblik waarvan Virginia Mackenny in haar teks in die katalogus skryf. Dit is per slot van sake waaroor fotografie maar gaan. Die leë vervalle swembad is nou ’n opgaarder van stof en diere wat daarin val, se reste. Watter moontlikheid het dit ingehou eens? Daar is vir my ’n skoonheid aan verbonde, veral aan die tekstuur van die muurverf wat afdop. Dan die natuur daaragter: met akasias se dorings wat stadig nadergroei sodat alles met verloop van tyd weer gelyk gaan wees.

Daar is gewis humor in my werk ook te bespeur soos bv die spitsvondige padstal buite Keimoes met die Mickey- en Mini Mouse karakters wat geskilder is met Mickey wat ’n tuinslang vashou in ’n dorre landstreek. Die padstal is verlate, die strokiesprent karakters ’n gefnuikte Adam en Eva – dalk ’n vergissing.

Wat wil jy hê moet die kyker voel as hulle na jou werk kyk?

Hulle eie herinneringe.

Dikwels is daar afwesigheid of mindere mate van gebruik van kleur in jou werk. Hoekom?

Ek vind toenemend aanklank tot die uitspoel van kleur . Dalk 'n terugkeer na die swart-en-wit foto soos in die geval van *Rysmierbult*. Maar vir hierdie spesifieke reeks is dit inhoudelik van toepassing as jy byvoorbeeld kyk na van die foto's waar dit duidelik bar en droog is. Voorts is daar so 'n oordosis van materiaal en inligting in die wêreld vandag dat ek dink gestroopte kleur impliseer stilte wat vir my 'n kardinale element is – soos wanneer iemand in jou oor kom fluister. My werk funksioneer op 'n lae frekwensie, dit is van die buiteposte, teenstryding met die hoë stroomspanning van byvoorbeeld nuusmateriaal. As student was ek aangetrokke tot die werk van Antoni Tápies en William Baziotes, waar kleur gereduseer en sorgvuldig geimplementeer is. Dalk is mens maar net besig om weer terug te beweeg na die begin, terug donkerkamer toe as't ware.

Tot waneer is jou uitstalling en is dit dalk op 'n webwerf te sien?

Tot en met 15 Mei by die Barnard Galery in Mainstraat 55, Nuweland, Kaapstad tel:021 671 1553
www.barnardgallery.com

Nog projekte vir die jaar?

Voltooi tans my **M.A - dissertasie** in kreatiewe skryfkuns by die Universiteit van Kaapstad en dit behels 'n reisverhaal wat swerf van suid na noord in 'n kondisie van die bowe werklikheid en waarvoor hierdie uitstalling tot 'n mate 'n voorloper is.

My volgende kunsprojek is *Water Letters* wat deel is van die '**Ghost ship'** projek wat in Bordeaux, Frankryk plaasvind. 12 kunstenaars van Afrika en die Karibiese eilande is gevra om werk te skep rondom die Gironde riviermonding as uiting van die implikasies van handel, kolonialisasie en immigrasie oor eeue heen. Hierdie opwindende projek realiseer in Bordeaux in Augustus 2015. Ander deelnemers is o.a Clifford Charles, Guy Regis en Amalia Rama. Die projek is deur MC2A van stapel gestuur.

Parallel lives saam met die keramiekkunstenaar Clementina van der Walt by die Irma Stern in Oktober 2014 as deel van die sesde Fotografie-maand in Kaapstad. Ons beoog 'n inplanting of tussensetsel van ons onderskeie werke en mediums binne die huis/museum van Stern, soortgelyk aan die projek van Grayson Perry in die Britse Museum in Engeland (the tomb of the unknown craftsmen).